

**Southern African Linguistics and Applied Language Studies Journal**  
**OPROEP VIR BYDRAES**

**Spesiale uitgawe:**

*Taalpolitiek in Suid-Afrika, 1910 tot 2010 / Language politics in South Africa, 1910 to 2010.*

**Gasredakteurs:** Theodorus du Plessis & Mariana Kriel

DIE GASREDAKTEURS VAN HIERDIE SPESIALE UITGAWE VAN DIE SALALS-TYDKSRIF DOEN NOU  
‘N OPROEP VIR VOORGESTELDE BYDRAES.

### **Agtergrond**

Die jaar 2010 is vanweë verskeie redes ‘n belangrike baken in die geskiedenis van Suid-Afrika. Een daarvan is die herdenking van die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, die eerste verenigde staatlike struktuur op Suid-Afrikaanse bodem en voorganger van die republikeinse staat wat in 1961 tot stand gekom en wat regs kundig as die eerste Suid-Afrikaanse staat beskou word. Die herdenking van Uniewording is egter ook vanuit taalpolitieke oogpunt baie belangrik vanweë twee hoofredes, die totstandkoming van die sogenaamde tweestroom-filosofie, wat die ideologiese begroning was van amptelike tweetaligheid in Engels en Nederlands/Afrikaans, en die totstandkoming van Bantoe-onderwys, een van die belangrikste pilare waarop die apartheidsideologie gebou is. Beide ontwikkelings het uiteindelik ‘n langdurige impak gehad op die verloop van taalpolitieke gebeure in Suid-Afrika. Die nawerking daarvan is steeds aanwesig, soos waargeneem kan word in byvoorbeeld die kontemporêre diskoers oor moedertaalonderwys, taalontwikkeling, taalberegtiging ensovoorts.

### **Rasionaal**

Ofskoon oorsigte oor taal in Suid-Afrika wel deeglik rekening hou met taalbeleidsgrondslae wat vanaf die Unietydperk gelê is, is daar tot hede toe nog nie uitsluitlik aandag geskenk aan ‘n die omvattende soort oorsig wat hier beoog word nie. ‘n Spesiale SALALS-uitgawe wat so ‘n taak verrig, sal ‘n belangrike aanvulling wees tot bestaande bronne by die studie van taalpolitiek in Suid-Afrika maar ook oor taal in Suid-Afrika oor die algemeen. In ieder geval sal dit die eerste omvattende oorsig oor taalbeleidsontwikkeling gedurende die 100 jaar tydperk tot nog toe wees.

### **Oogmerk**

Die primêre oorsig van die Unie-supplementum is om ‘n kritiese oorsig te gee van taalpolitieke ontwikkelings in Suid-Afrika vanaf die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 tot en met die jaar 2010.

## Temas

Nagevorste artikels wat oorsigte bied oor die volgende domeine (n.a.v. Kenneth McRae, 1975 se taalbeleidsmodel) sal ingesluit word:

- Politiek en regering (wetgewers, howe, nasionale administrasie, provinsiale regering, plaaslike regering, veiligheidsmagte ens.)
- Onderwys (primêr en sekondêr, hoër onderwys ens.)
- Massa media (elektroniese media, pers, boekpublikasie ens.)
- Die werkende wêreld (kommunikasie met die publiek – onder meer reklame, openbare tekens, kommunikasie tussen ondernemings en hulle werknemers, liberale professies, gelisensieerde handel, klein ondernemings ens.)
- Kultuur en ontspanning (kerke, vrywillige organisasies, vermaak, sport ens.)

*SALALS* is 'n geakkrediteerde vaktydskrif. Raadpleeg <http://www.lssa.za.org/journal.htm> vir riglyne aan outeurs.

Sperdatum vir abstrakte: 30 Oktober 2009

Sperdatum vir aanvaarde bydraes: 30 Januarie 2010.

### Kontak:

Theodorus du Plessis, Universiteit van die Vrystaat, RSA ([dplesslt.hum@ufs.ac.za](mailto:dplesslt.hum@ufs.ac.za))

Mariana Kriel, Universiteit van die Vrystaat, RSA ([KrielM.HUM@ufs.ac.za](mailto:KrielM.HUM@ufs.ac.za))